Bybelse Dissipelskap

# Gebed



**Verse om te memoriseer...**

Filippense 4:6-7
6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle
begeertes in alles deur gebed en smeking
met danksegging bekend word by God.
7 En die vrede van God, wat alle verstand
te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne
bewaar in Christus Jesus.

Het jy al gesukkel met gebed?

? Kom gebed voor soos 'n oefening in welsprekendheid waaroor jy net nie toegerus is nie?

✗ Gebed is nie 'n mistiese verskynsel wat net tot beskikking van toegewyde goddienstiges is nie.

✓ Gebed is eenvoudig om met God te praat

✓ Gelowiges kan vanuit hul harte bid...

...vrylik, spontaan,
...en in hul eie woorde!

Gebed is elke gelowige se direkte kommunikasie met God

→ God praat met ons deur sy Woord en wanneer ons bid, praat ons met God.

## Wat is doel van gebed?

### *Ons bid om te groei in ons verhouding met God*

Jakobus 4:8
8) Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!

Hebreërs 10:19-23
19) TERWYL ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus (20) op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, (21) en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, (22) laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. (23) Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou

✓ Gebed is ons manier om eenheid/gemeenskap met God te hê.

✓ Net soos familielede en vriende tyd met mekaar spandeer deur te gesels en sodoende te groei in hul verhoudings-en vriendskappe, net so groei ons in ons verhouding met God deur gebed.

✓ Dit is God se wens dat ons Hom moet nader in gebed

✓ Ons kan met vertroue in God se teenwoordigheid ingaan weens dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

### *Ons bid ook omdat dit is 'n direkte bevel van God is*

1 Thessalonicense 5:16-18
16) Wees altyddeur bly. (17) Bid sonder ophou. (18) Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.

? Wat beteken dit om te bid sonder ophou?

Efesiers 6:18
18) terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges

"Greek writers used the adverb translated "without ceasing" to describe a hacking cough. Paul did not expect his readers to be in prayer every minute but to continue praying whenever possible." Tom Constable's Expository Notes on the Bible

### ***Ons bid om ons verhouding met God te herstel.***

1 Johannes 1:9

9) As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.

Wat beteken die woord "bely"?

✓"Bely" beteken dat ons erken voor God ons sondige optrede en verkeerde esindhede en vra God om ons daarvoor te vergewe.

Daar is sekere groepe wat leer dat hierdie vers nie op Christene van toepassing is nie aangesien God reeds ons sondes vergewe het en dit gevolglik onnodig is om te vra vir iets wat ons reeds het, naamlik vergifnis van sondes. Die feit dat God op die oomblik van bekering die straf wat ons verdien, verwyder (Efesiërs 1:7), beteken nie dat ons nie nodig het om dit gedurig voor Hom te bely en Hom te vra om ons te vergewe nie. Weer eens, die kwessie hier ter sprake is nie of ons aanvaarbaar voor God is nie, maar eerder gemeenskap (fellowship) met Hom. Dat God ons vergewe op stadium van bekering maak dat ons aanvaar word in God se familie.(Vergifnis in 'n forensiese-konteks) Deurlopende vergifnis maak dat ons 'n intieme verhouding met God kan hê as kinders van God binne God se familie. (Vergifnis in 'n familie/verhouding-konteks)

Bekryf Dawid se gesindheid in Psalm 139:23-24

Psalm 139:23-24

23) Deursoek my, o God, en ken my hart;toets my en ken my onrustige gemoed.

24) Kyk of daar enige sondige neigingby my is,en lei my op die ewige pad.

Dawid wou nie enige areas van sy lewe miskyk waarmee God ontevrede kon wees nie. Die Heilige Gees gebruik God se Woord om ons harte te deursoek. Ons moet die dade -en gesindhede wat strydig is met God se Woord bely en daarvan afstand doen en in die plek daarvan dade en gesindhede stel wat God sal behaag.

### ***Ons bid om God te verheerlik***

Sien Psalm 100

### ***Ons bid vir genesing***

Jakobus 5:16

16) Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle gesond kan word. Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het 'n kragtige werking.

### ***Ons bid om tussenbeide te tree vir ander***

1 Timoteus 2:1

1) Eerstens spoor ek jou aan om vir alle mense te bid met smeking, voorbidding en danksegging.

Hierdie is maar 'n paar van baie redes hoekom ons moet bid.

Een manier wat ons kan help om te onthou waarvoor om te bid is... "**A-C-T-S**".

# A-C-T-S

## A = ADORATION/ AANBIDDING

➠I.e. = Om God te prys

Hebreërs 13:15-16

15) Kom ons bring dan, met Jesus Christus se hulp, 'n voortdurende offer van lofprysing aan God – 'n offer wat opklink van die lippe van hulle wat Hom bely.
16) Moenie versuim om goed te doen en wat julle het met mense in nood te deel nie. Dit is hierdie soort offers wat God se hart bly maak.

➠Namate ons tyd spandeer om God se grootheid en heerlikheid te prys met 'n opregte hart, sal ons 'n behoorlike gesindheid van nederigheid ontwikkel.

## C = CONFESSION/ BELYDENIS

➠I.e. = Om ons sondes voor God te erken

➠Wanneer ons verstaan dat sonde 'n negatiewe impak het op ons verhouding met God, wil ons so spoedig as moontlik die verhouding herstel.

1 Johannes 1:9

9) As ons egter ons sondes bely, Hy is betroubaar en regverdig om ons sondes te vergewe en ons skoon te maak van alles wat verkeerd is.

## T = THANKSGIVING/ DANKSEGGING

➠ Dit is 'n belangrike aspek van ons gebedslewens, selfs wanneer ons versoeke aan die Vader rig.

Filippense 4:6

6) Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen.

➠ Daar is baie voordele aan danksegging:

1) Veroorsaak dat ons God se bestaan, liefde en sorg erken
2) Herinner ons van God se goedheid.
3) Help om ons fokus te verskuif van wat ons nie het nie na wat ons wel het.

➠ Gelowiges het elke rede om dankbaar te wees

Kolossense 1:12

12) altyd die Vader dank dat Hy julle geskik gemaak het om in die erfenis van God se mense te deel, die erfenis wat wag vir mense wat volgens sy wil lewe.

Kolossense 2:7

7) Bly in Christus geanker en bou op Hom, standvastig in die geloof soos julle geleer is, en loop oor van dankbaarheid.

Kolossense 3:15

15) Verder, laat die vrede wat Christus bewerk het, in julle lewens die deurslag gee; want as lede van een liggaam is julle tot vrede geroep. En wees dankbaar.

Kolossense 4:2

2) Volhard in die gebed. Bid terwyl julle geetelik waaksaam en dankbaar is.

## S = SUPPLICATION/ SMEKING

➠I.e. = Om iets voor God te bring en van hom te vra

1 Timoteus 2:1

1) Eerstens spoor ek jou aan om vir alle mense te bid met <u>smeking</u>, voorbidding en danksegging.

## Wat word van ons verwag sodat ons 'n effektiewe gebedslewe kan hê?

Johannes 15:7
7) As julle aan My verbind bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.

- ✓ 'n Ware verhouding met God
- ✓ Om God se Woord te ken en dit in ons lewens toe te pas.

Wat beteken dit om "in Christus" te bly?

1 Johannes 4:13
13) Hieraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons, dat Hy ons van sy Gees gegee het.

Johannes 15:4-5
4) Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie.
5) Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.

1 Johannes 3:22,24
22) en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom.
24) En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons gegee het.

Kolossense 3:1-3;5
1) As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. (2) Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. (3) Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

Efesiers 5:8-11; 15-17
8) Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here — wandel soos kinders van die lig. (9)Want die vrug van die Gees bestaan in alle goedheid en geregtigheid en waarheid. (10) En beproef wat die Here welbehaaglik is; (11) en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer.
15) Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse; (16) en koop die tyd uit, omdat die dae boos is. (17) Daarom moet julle nie onverstandig wees nie, maar verstaan wat die wil van die Here is.

"To abide in Christ is, on the one hand, to have no sin unjudged and unconfessed, no interest in anything He's not involved in, no life which He cannot share. On the other hand, the none who abides takes all burdens to Him, and draws all wisdom, life and strength from Him. It is not unceasing consciousness of these things, and of Him, but that nothing is allowed in the life which separates from Him." C.I. Scofield

To abide in Christ is...

- ✓ Om geen onbelyde sonde te hê nie
- ✓ Om jou lewe onderhewig te stel aan God se Wil soos uiteengesit in Sy Woord
- ✓ Om ons laste na Hom te neem
- ✓ Om Hom te vertrou vir wysheid en op God te vertrou vir krag
- ✓ Dit is nie noodwending 'n onophoudelik bewustheid hiervan nie, maar eerder om nie toe te laat dat sonde 'n skeiding bring tussen ons en God nie.

NB! Gelowiges wat meer effektief wil wees in hul gebedslewe moet gewillig wees om te leer hoe om te bid **volgens God se wil**.

✓ Die Woord impliseer hierdie proses in meeste van die gedeeltes wat oor gebed handel.

Psalm 119:11,14-15
11) Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie.
14) Ek is vrolik in die weg van u getuienisse soos oor allerhande rykdom.
15) Ek wil u bevele oordink en op u paaie let.

Psalm 37:4
"Wees bly in die Here, en Hy sal jou hartsbegeertesaan jou gee."

Soos die gelowig sy vreugde in die Here vind...
...oor tyd
...Sal die gelowige se begeertes verander
...en in lyn kom met God se wil.

Ons moet toegewyd wees om te:
- Lees
- Memoriseer
- Mediteer op en
- Gehoorsaam wees aan die geskrewe wil van God

Daar is geen kortpaaie, geen seminare, geen wonder gebedstegnieke of enige "geheime' wat hierdie realiteit kan omseil nie.

1 Johannes 5:14-15
14) En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil. (15) En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het.

Jakobus 4:2-3
2) Julle begeer en julle het nie, julle pleeg moord en is naywerig en julle kan niks verkry nie. Julle veg en maak oorlog, en julle het nie, omdat julle nie bid nie. (3) Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring.

☆ Enige iemand wat al 'n kind se gedrag dopgehou het wat deur sy ouers bederf word, verstaan dat 'n werklike liefdevolle Vader nie sy kinders se ongehoorsaamheid sal aanmoedig deur hul gebede te verhoor op 'n manier wat sê " My gebooie is in elkgeval nie so belangrik nie en dit maak nie regtig saak of julle my ernstig opneem of nie." God weet wat die beste is en mag baie keer "Nee" sê vir versoeke wat deur eie belang gemotiveer word.




Die pad na beantwoorde gebed is...
...die pad van gehoorsaamheid.

Ons het vertroue dat ons gebede verhoor sal word, welke vertroue berus daarin dat ons Christus ken en dat ons God se perfekte wil vir ons lewens aanvaar.

Jakobus 1:6-7

6) Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. (7) Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie —

Daar word dikwels geglo dat God gebed verhoor omdat ons 'n goeie daad verrig het, amper soos 'n tipe iets-vir-iets transaksie. Gebed word dan 'n meganisme/sisteem wat gemanipuleer word om te kry wat ons wil hê van God. Dit maak God as't ware 'n tipe "vending machine" waarin ons ons munte van "gehoorsaamheid" gooi voordat ons die "gebeds-knoppie" druk en God ons gebede moet "verhoor". Hierdie siening kom algemeen en wydverspreid voor en is totaal verkeerd.

Niemand kan God onder 'n verpligting plaas om iets te doen nie.
In Romeine 11:35 haal Paulus vir Job aan en vra: "Wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?"

'n Ander manier om hierna te kyk is om te besef dat die klei nie die hand van die pottebakker kan beheer nie, wie"alles werk volgens die raad van sy wil," (Ef.. 1:11)
1 Johannes 5:14 neem ons na die kruks van die saak ...

"En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil."

## Hoe moet ek bid?

**? Is daar 'n korrekte postuur/liggaamhouding wat ek moet handhaaf as ek bid?**

Daar is geen voorgeskrewe postuur/liggaamshouding vir wanneer ons bid nie. In die Bybel het mense op hul knieë gebid, met hul aangesigte na die grond en ook staande. Jy kan met jou oë oop of toe bid, hardop of sag, hoe jy ookal die mees gemaklikste is en die mees gefokuste te kan bly.

**? Moet ek hoë of elegante woorde gebruik?**

Ons gebede hoef nie uit baie woorde te bestaan of hoogdrawend te wees nie.

Mattheüs 6:7

"En as julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word."

✗ Gebed gaan nie daaroor om alles perfek te verwoord of om die regte kombinasie van frases op presies die regte manier te gebruik nie.

✓ Gebed gaan daaroor om met God te kommunikeer vanuit ons harte, in 'n eerlike, liefdevolle verhouding.

Soms is ons onnodige vasgevang en bekommerd oor die "tegniek" van gebed en vergeet dat God ons harte ken en bewus is van ons menslike tekortkominge.

✗ God het dit nie alles aan ons oorgelaat nie.

✓ Ons Hemelse Vader se genade is onbeperk

✓ God weet wat ons nodig het, selfs wanneer ons verkeerd bid of in onkunde van Sy wil.

✓ Dit was altyd God se plan dat daar 'n tussenganger vir ons sal wees in...

- **Jesus** (1 Timotheüs 2:5; Romeine 8:34; 1 Johannes 2:1; Hebreërs 7:25)
- **The Heilige Gees** (Romeine 8:26-27) &
- **Ander Gelowiges...**
  - ➡ In Romeine 15:30 het Paulus versoek dat die gelowiges in Rome vir/namens hom bid.
  - ➡ In Kolossense 4:2-3 het Paulus ook die gelowiges in Kollosse aangemoedig om vir hom in te tree in gebed.
  - ➡ In Handelinge 12:5 het die gemeente gebid vir Petrus se vrylating uit die tronk.
  - ➡ In Efesiers 6:16-18 vermaan Paulus die gelowiges in Efese om vir mekaar in te tree in gebed en dit deel te maak van hul daaglikse gebedslewens.

## Aan wie rig ons ons gebede?

Mattheus 6:6-9

6) Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde. (7) En as julle bid, gebruik nie ʼn ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word. (8)Moet dan nie soos hulle word nie, want jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra. (9) So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

Ons moet bid tot die Vader, deur die Seun, in die Gees.

Christus word die "Hoë Priester" genoem wat vir ons tussenbeide tree by die Vader(Hebreërs 4:15). Daarom nader ons die Vader "in Sy naam", nie ons eie nie, maar deur die Seun.(Johannes 15:16)

## Wanneer moet on bid?

✓ Dit kan goed wees om vaste tye te hê wanneer ons bid aangesien dit ons kan help om in die gewoonte te kom en te bly, om te bid.
Byvoorbeeld, oorweeg die volgende:
   a. Dawid se gebruike na wie God verwys as ʻn "Man so na sy Hart" - 1 Samuel 3:14
   b. Daniel se gebruike wat die engel van God beskryf as "geliefde man" - Daniel 10:19

Hierdie manne van God het dit ʻn gewoonte gemaak om bid op vasgestelde tye deur die dag. Ons sal goed doen om hul voorbeeld na te volg.

**Maar...**

Gebed moet nie beperk word tot net "vaste tye" nie...

✓ Spesiale behoeftes vereis dalk spesiale tye van gebed
Byvoorbeeld...
   a. Jesus het gebid op belangrike geleenthede - Lukas 6:12-13
   b. Paulus het gebid in moeilike omstandighede - Handelinge 16:25
   c. Nehemia het gebid op die ingewing van die oomblik - Nehemia 2:4-5
   d. Paulus moedig die gelowiges aan om te "Bid sonder ophou" 1 Thessalonicense 5:17

# Les #5

(Support your answers with proof texts)

Wat beteken dit om "in Christus" te bly en watter implikasie hou dit in vir ons gebedslewens ?

Wat is iets wat gebed nie bereik nie?

Aan wie moet ons ons gebede rig en hoekom?

Is dit waar dat as jy hard en lank genoeg bid, God van gedagte sal verander en doen wat jy vra? Hoekom of hoekom nie?

Wie help ons in/met ons gebede?

Noem vier dinge waaroor ons met God moet praat in ons gebede?

1)

2)

3)

4)

Wanneer moet ons bid?